Brasilië se hoogste eer vir Mandela

BRASILIË. – Die Brasiliaanse regering het sy hoogste medalje gister aan die ANC-leier, mnr. Nelson Mandela toegeken en sy "onbeperkte steun" vir 'n demokratiese Suid-Afrika verklaar.

Mnr. Mandela het pres. Fernando Collor de Mello twintig minute in die presidensiële paleis ontmoet voordat hy die Kruis van die Orde van Rio Branco, Brasilië se hoogste toekenning vir uitmuntende diens aan 'n sameiewing, aan mnr. Mandela toegeken het. Die president het gesê hy hoop mnr. Mandela gaan die simbool van 'n veelrassige Suid-Afrika word. – (Sapa-AP)

Die Burger
6/8/91